Werk saam vir herwinning en teen armoede

Die middestadbediening Pen se Volition Centre is ’n herwinningsprojek wat op twee terreine ’n groot verskil maak:

- Dit lewer ’n enorme bydrae tot ’n volhoubare leefwyse op ons planeet deur ’n skakel te wees in die herwinning van materiale soos plastiek, glas, blikkies, karton en papier.

- Dit bestry armoede deur vir talle van die armste mense in Pretoria die geleentheid te skep om ’n inkomste te verdien - en byvoorbeeld nie in misdaad te verval nie.

Die sentrum, in Vosstraat, Sunnyside, word nou bestuur deur Johan van Niekerk. Dit werk reeds met verskeie gemeentes saam deur teen ’n fooi herwinbare materiaal by gemeentes te gaan oplaai.

Ongelukkig is die prys van herwinbare materiaal so laag, dat die Sentrum dit moeilik vind om volhoubaar voort te bestaan. Daarom vra hulle gemeentes om hulp op die volgende maniere:

- Daar is ’n behoefte aan ’n klein kompakteermasjien wat kan help om bedryfskoste te verlaag. Nuut kos so ’n masjien baie, maar dalk weet iemand van ’n klein kompakteermasjien wat nie gebruik word nie en wat geskenk of teen ’n lae prys aan die sentrum verkoop kan word.

- Die Sentrum sal makliker volhoubaar wees as hy sy volumes kan verhoog. Daarom vra hulle gemeentes in Pretoria wat nog nie herwinning doen nie, om met hulle te skakel om te kyk of hulle kan saamwerk. Die sentrum vra ook gemeentes om lidmate wat in groot meenthuiskomplekse woon, aan te moedig om hul komplekse te vra om met met die sentrum saam te werk wat herwinning betref.

Johan Van Niekerk, bestuurder van die sentrum, kan geskakel word by johan@pen.org.za of by 083 375 4935.